**Tema: Indikatief, imperatief en dissipelskap as noodsaaklike elemente van effektiewe pastoraat.**

## Wat is pastoraat

‘n Veelheid van sienings oor wat pastoraat is, kan in die literatuur gevind word. Sommige beskrywings vind noue aanklank by veral sielkunde en sosiologiese wetenskappe. Ander wil wel die Woord as riglyn gebruik vir die pastoraat maar is in die eerste plek gefokus op die nood van die mens en hoe hierdie nood verlig kan word.

In hierdie artikel word uitgegaan van die meta-teoretiese vertrekpunt dat die eer en verheerlikking van God die primêre fokus van die pastoraat is. Wanneer die mens se nood aangespreek word in die pastoraat gaan dit uit van liefde vir en ontferming oor daardie mens sodat die mens die genade, vryheid, vreugde en volheid van God kan beleef en so God verheerlik. Pastoraat begelei die mens om, gefokus op ’n bepaalde probleem, vanuit die genade wat God in Christus skenk, God se weg vir ’n lewe volgens God se Woord te ontdek, toe te eien en groeiend daarvolgens te begin lewe.

In my navorsing het dit vir my duidelik geword dat verskillende NT outeurs telkens die volgende aspekte van die evangelie gebruik om hulle lesers pastoraal te begelei: Indikatief (wie God is en wat Hy doen), imperatief (wat God ons opdra om te doen) en dissipelskap. Elkeen van hierdie aspekte sal nou kortliks van nader beskou word om die noodsaak daarvan vir die pastoraat te bepaal.

## Indikatief beskryf wie God is en wat Hy vir ons doen

In die pastoraat moet die gelowiges begelei word om te begryp wie hulle is volgens God se Woord. Baie pastorale probleme ontstaan omdat mense met ’n wanbeeld van hulleself en God se genade in hulle oortuigings leef. Dit is belangrik om in die

pastoraat twee tipes indikatief te ontdek as weg  op hulle probleem toe te pas. Die indikatief van identiteit en die indikatief van behoefte voorsiening.

- Die indikatief van identiteit

Voorbeeld van ŉ pastorale probleem: Verskil tussen skuld en skaamte. Chroniese skaamte wat identiteit geword het. Skaamte kan voortspruit uit molestering, verwerping of spot. Die persoon konstrueer op grond van hierdie gebeure ŉ identiteit wat nie klop met hulle identiteit in Christus nie. (**Paulus vergelyk Gal 1 met  Gal 4)**

Onder identiteit word verstaan die geskape en herskape identiteit en hulle identiteit na hierdie lewe en sluit in geestelike en liggaamlike identiteit. Hulle identiteit in die verlede, hede en toekoms.

> **1 Petrus 1:23**  want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.
>
> 1 Petrus 2:9  Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, 10  julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.
>
> 11  Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel;

Primer lê die mens se identiteit daarin dat hulle beeld van God is.  As sy beeld het God  die mens as liggaam en siel geskape om in verhouding met Hom, sy medemens en die skepping te leef, die mens het sy identiteit binne hierdie verhoudings uitgeleef (Gen 2). Die wese van hierdie verhoudings was diensbaarheid. Die mens moes Hom aan God onderwerp en

gehoorsaam, hulle moes die skepping bewerk en bewaak en wanneer God Eva skep, word man en vrou se verhouding as ŉ verhouding waarin hulle aan mekaar hulp verleen geteken.

Die versoeking van satan in die paradys word uitgebeeld as primer gerig op die verhouding met God. God se woord word betwyfel en die mens word versoek om aan God ongehoorsaam te wees en sy eie lewe te bepaal. Wanneer die mens se verhouding met God gebreek word deur ongehoorsaamheid kom daar skaamte en vrees in hulle lewe (Gen 3). Die mens kon nie meer volgens hulle geskape identiteit binne hierdie verhoudings lewe nie. Die mens leef nie meer as dienende wese na buite hulleself nie, maar teen hulle Godgegewe identiteit in as selfgerigte wese.

Die Nuwe Testament sê hierdie verlies aan identiteit beteken die mens is dood in hulle sonde, hulle is vervreemd van God en hulle word deur bose magte beheer en deur hulle begeertes oorheers sodat hulle mekaar byt, opeet en verskeur (Ef 2:1,2; Gal 5:15). Die mens vind sy identiteit nou in die skepping en nie in God nie en die mens word ŉ slaaf van sy selfgekose identiteit.

Wanneer die Nuwe Testament die herskepping beskryf, word dit in terme van identiteit gedoen. Die wat dood was word lewend gemaak, en saam met Christus verhef (Ef 2). Die nuwe mens is nie meer in Adam nie, maar in Christus (Rom). Soos die mens geen aandeel in hulle skepping gehad het nie, het hulle ook geen aandeel aan hulle herskepping nie. Die herskepping is ŉ eenmalige volkome voltooide daad van die drie-enige God. Die mens word deur God uitgekies, deur die Gees wederbaar, aan hulle word geloof geskenk sodat hulle met God versoen word, geregverdig en geheilig word. Die

mens se nuwe identiteit is nou in Christus. Die kennis van Christus moet bepaal wie die mens is (Ef 4:?).

Omdat die mens nog nie volkome volgens hulle nuwe identiteit kan leef nie, is daar ’n groeiproses aan die gang, hierdie groei is na Christus toe. Die Gees van God begelei die mens hierin, ook deur ander mense binne die gemeenskap van die heiliges. Die groei vind ook plaas wanneer die mens weer volgens hulle geskape identiteit begin om uitwaarts dienend te leef soos Christus wat hulle gedien het.

Verskeie NT outeurs begelei hulle lesers om hulle identiteit te vind in die herskepping en die betekenis daarvan as antwoord op bepaalde pastorale probleme. In Ef en 1 Pet

In Romeine 6 word die imperatief begrond in die indikatief van die gelowige se nuwe identiteit.

In die pastoraat kom mense hulp soek en die oorsprong daarvan lê onder andere moontlik daarin dat hulle hulle identiteit vind in dinge soos:

- ’n traumatiese gebeurtenis (Tamar)
- Hulle ligaamlike voorkoms
- Hulle sukses of mislukking
- Aanvaarding of verwerping deur mense
- Skaamte

In die pastoraat moet hulle dan begelei word om die aspek van hulle identiteit in Christus wat hulle verruil het vir die vals identieit te ontdek en in geloof aan te neem en groeiend toe te eien.

**Die indikatief van behoefte (greia vs epithumia) bevrediging**

Die indikatief van identiteit fokus op God se skeppings en herskeppingswerk. Die indikatief van behoeftes fokus op wat God hier en nou vir ons is. God het die mens geskape as behoeftige wese. Genesis 2 spel dit duidelik uit. Die tuin van Eden word geskape as tuiste vir die mens, die bome vir die mens om te eet, die edelmetale rondom die riviere is daar vir die mens om te bewerk en te bewaak, die Here gee aan die mens grense en opdrag om te gehoorsaam, Hy sien dat Adam behoefte het aan ’n vrou in ’n intieme verhouding. God voorsien dus aan die behoeftes waarmee Hy die mens geskape het.

Dwarsdeur die OT en die NT speel die bevrediging van hierdie ingeskape behoeftes van die mens ’n bepalende rol in die lewe van die mens. In verhouding met God. Die mens se lewe word bepalend gerig deur dit wat hulle gebruik om hierdie behoeftes te bevredig. Verskeie beelde word gebruik om hierdie feit duidelik te maak. Jer 2, Jesaja 55, Psalms (vgl 23) , Hooglied.

Jesus nooi die mense uit wat vermoeid en belas is, die wat dors en honger het. Hy voel innig jammer vir mense wat soos skape vedwaald is sonder herder, mense wat treur.

> 2Kor 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, 1:4 wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.

In Filippense 2:1, 2 word die imperatief begrond in die indikatief waardeur die behoeftes van die gemeente bevredig is:

> 1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan

> nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe

In die pastoraat moet erkenning gegee word dat elke mense legitieme, ingeskape behoeftes het wat God wil vervul deur dit wat Hy vir die gelowiges is en in hulle kan doen deur sy Gees. In die pastoraat moet persone wat probleme ervaar begelei word om die maniere waarop hulle hulle behoeftes buite God om bevredig ontdek en soek na God se weg. Ef 4:17-32.

In die pastoraat moet die gelowiges bewus gemaak word van die behoeftes waarmee hulle geskape is en wat God wil hê bevredig moet word. Daar moet vervolgens vasgestel word watter behoefte die gelowiges bevredig deur die optrede wat probleme in hulle lewe veroorsaak.

Die wyse waarop God aan hierdie behoefte wil voorsien moet dan ontdek word. In die pastoraat kry die berader met ŉ legio wyses te doen waarmee mense hulle behoefte aan byvoorbeeld aanvaarding, die behoefte om met iemand te kan praat, die behoefte om die pyn van mislukking weg te neem ens., bevredig.

In die pastoraat word die persoon begelei om te verstaan dat niks buite die bevrediging wat God gee ooit ware bevrediging bring nie. Paulus sê dat die wat God nie ken nie hulleself "oorgegee het aan losbandigheid om onversadigbaar allerhande onreine dade te pleeg" (2020 AV).

Die pastorant word begelei om "ja" te sê vir die genade wat God gee sodat hy "nee" kan sê vir die plaasvervanger wat geen bevrediging bring nie. Hiervoor word die pastorant tot ŉ keuse begelei wat as ŉ anker dien wanneer daar versoekings op sy pad kom wat hom wil teruglei na die plaasvervanger.

1 Jn 1 – beskryf hoe die gemeenskap van die heiliges die genade van God ŉ werklikheid kan maak vir die worstelende gelowige.

**Dissipelskap en Imperatief**

Dissipelskap en imperatief gaan met mekaar hand aan hand.

Imand wat nie ŉ dissipel is nie kan nie die imperatief doen nie.

**Dissipelskap**

Dissipelskap in die Nuwe Testamenhet is ŉ multidimensionele begrip. Die eerste fase van dissipelskap is geloof dat die Woord waar is. Jesus is die Woord en die Woord is die lig vir die mense.

Die Woord kom na sy eie mense en na die wêreld. Hulle wat die Woord aanneem die ontvang die reg om kinders van God genoem te word, hulle is uit God gebore (Jn 1). Shin sê dissipelskap volgens die evangelie van Johannes bestaan uit twee dele hfst 1-12 beskryf die eerste deel naamlik die kom tot geloof en hfst 13-17 beskryf hoe hierdie geloof die mens in staat stel om Christus na te volg. Kennis van Christus en wat sy koms inhou is deel van die geloof. In die mens wat begryp wat Jesus in opdrag van die Vader gedoen het, groei daar liefde vir God. Dissipelskap begin met die begrip van God se liefde en die redding wat voortvloei uit die liefde. Hierdie liefde wek wederliefde in die gelowige se hart. Die gelowige tree in ŉ noue persoonlike liefdesverhouding met God, liefde soos die tussen ouer en kind.

> Ef 5:1 Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; 2 en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as ‘n gawe en offer aan God tot ‘n lieflike geur.

Uit die liefde vloei navolging van Christus, om Christus te kan navolg vra van die mens om in homself te sterf (Jn. 12:23-27). Die mens moet sy gerigtheid op homself prysgee en God vertrou om vir hom te sorg, soos Christus moet sy dissipels nie leef om gedien te word nie, maar om te dien. Om te sterwe in jouself en Christus te dien is daarop gemik om ander mense na Christus te laat kom om Hom te volg.

Nakoming van die imperatief vloei voort uit dissipelskap, uit die oortuiging dat die Woord waar is en uit die liefde vir God. Dit word mooi verwoord in:

> 2Kor 5:14 Want die liefde van Christus dring ons, 15 omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.
>
> Johannes 15
>
>> 7. As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. 8 Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees. 9 Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My. 10 As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly. 11 Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.

Die doel van pastoraat is nie slegs probleemoplossing nie. Gelowiges moet in die pastoraat begelei word om die Woord van God as effektiewe werkende waarheid en as God se liefdesgebod te sien. Die pad na volkome blydskap lê langs die weg van God se Woord en die liefde van God en vir God.

Pastoraat lei die gelowige deur die Woord om Coram Deo (voor God) te staan. Hierin kan vir die voortgaande pastoraat verantwoordbaarheid teenoor medegolowiges ŉ belangrike rol speel. Die pastorant moet hom egter vrywillig verantwoordbaar stel en bereid wees om sy sonde volkome eerlik te bely en om dan voor God se genade en sy liefdesvoorskrifte gebring te word deur ŉ medegelowige.

**Slot**

Die indikatief wat identiteit en behoeftes aanspreek is ‘n noodssaklike deel van effektiewe pastoraat.

Die pastorant moet begelei word om as dissipel van Christus groeiend volgens God se voorskrifte te leef.

Vgl. Ook:

Filippense 4:19  En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Mat 6:7  En as julle bid, gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.

Mat 6:8  Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.

Luk 9:11  Maar die skare het dit te wete gekom en Hom gevolg; en Hy het hulle ontvang en met hulle gespreek oor die koninkryk van God, en die wat genesing nodig gehad het, gesond gemaak.